

## 19 Junie - JORDAAN

**Skrifgedeelte: 2 Konings 5:1-15 (NAV)**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 5:9-12, 15**

**N**aäman was melaats. Toe hy by die Joodse dogtertjie hoor van die profeet Elisa in Samaria, het hy hom daarheen gehaas. By Elisa kom hy voor dooiemansdeur te staan.

Elisa stuur egter 'n boodskap na Naäman met die opdrag: *"Gaan was jou sewe maal in die Jordaan, dan sal jy gesond word en rein wees."* Naäman was woedend. Hy het darem gedink dat die man sou uitkom, die naam van sy God uitroep, sy hand heen en weer beweeg en so die melaatsheid wegneem. Dit sou nog vir hom redelik en aanvaarbaar gewees het. Maar nou wil die man hê dat hy hom sewe maal in die Jordaan moet gaan bad. Naäman het vererg weggery.

Naäman het met sy hele hart begeer om gesond te word, maar die manier waarop God hom wou genees, het hom nie aangestaan nie. Die prosedure was vir hom onaanvaarbaar. Hy het getwyfel oor die weg van God se verlossing.

Sy diensknegte het hom egter omgehaal om sewe keer in die Jordaan te bad. Toe hy uit die water kom, was hy gesond, en hy bely: *"Ek weet nou daar is geen God op die hele aarde nie behalwe in Israel."* Hy kon net sowel bygevoeg het: En ek het Hom gevind langs 'n weg wat indruis teen alle menslike logiese denke en logika.

Steeds laat God Hom deur die woord van die kruis vind, deur die verkondiging van die evangelie. Die groot waarheid is: die mens verwerp God nooit in wese met sy rede nie. Nee, wanneer die mens God verwerp, verwerp hy Hom met sy hart.

Deur die Gees van God roep die evangelie ons op tot geloof in Jesus Christus – die Gekruisigde. Dit doen 'n appèl op jou hart. Dit vra van geleerdes, wyse manne en vroue, groot denkers, om so klein soos kinders te word, want wie bereid is om soos 'n kind te glo, kom in ontmoeting met die lewende God.

*Sing: Psalm 138-1:1, 4 (1936-beryming)*

*Dr De W Saaiman (Durban-Noord)*